Skriflesing: Kolossense 3:1-17; Mattheus 12: 43-45; Markus 2:21-22
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 33**
Sing: Ps. 104: 1,8,9; Ps. 139: 1,11; Ps. 19:4; Ps. 134:4

Kolossense 3:1-17

Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
Col 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.
Col 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
Col 3:4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.
Col 3:5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,
Col 3:6 waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,
Col 3:7 waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.
Col 3:8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.
Col 3:9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het
Col 3:10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,
Col 3:11 waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.
Col 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.
Col 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ‘n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.
Col 3:14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.
Col 3:15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.
Col 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.
Col 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Mattheus 12:43-45

Mat 12:43 En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.
Mat 12:44 Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier.
Mat 12:45 Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag.

Markus 2:21-22

Mar 2:21 En niemand werk ‘n nuwe stuk lap op ‘n ou kleed nie; anders skeur sy nuwe aangelapte stuk van die oue af, en daar kom ‘n erger skeur.
Mar 2:22 En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars, en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word.

Sondag 33

88 *Vraag*: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?
Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

89 *Vraag*: Wat is die afsterwing van die ou mens?
Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

90 *Vraag*: Wat is die opstanding van die nuwe mens?
Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

91 *Vraag*: Wat is goeie werke?
Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Skriflesing: Kolossense 3:1-17; Mattheus 12: 43-45; Markus 2:21-22
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 33**
Sing: Ps. 104: 1,8,9; Ps. 139: 1,11; Ps. 19:4; Ps. 134:4

Geliefde broeders en susters,

'n Ou kleed en 'n ou wynsak kan nie saam met nuwe lap en nuwe wyn gebruik word nie. As die nuwe lap op die ou kleed gewerk sal word dan skeur die oue en daar kom 'n groter skeur. Die kwaad in die oue word dan net nog vererger. 'n Ou wynsak kan nie meer rek nie. Nuwe wyn gis nog en wanneer dit in 'n ou sak gegooi word, dan sal die sak bars en die wyn gaan verlore. Die nuwe lap, die nuwe wyn is beelde van die koninkryk van God, die koninkryk vereis nuwe lewensvorme, m.a.w. die koninkryk vereis bekering. In die vorige Sondags afdeling, Sondag 32 het ons gehoor dat die mens wat met 'n goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot die enige ware God bekeer nie, ook nie die koninkryk van God sal beërwe nie.

Gemeente, hierdie twee voorbeelde van die lap en van die wyn het ons Here Jesus gebruik om verder daardeur aan te dui watter skeiding bekering teweegbring. 'n Skeiding tussen gelowiges en ongelowiges, al was daar die tyd wat die koring en die onkruid saam op die land was. Daar is 'n gewelddadige, dodelike skeiding tussen bekering en nie-bekering. Die oue kan nie die nuwe vervang of saam met die nuwe bestaan nie. Die oue word van die nuwe losgemaak. Die nuwe lap hoort nie op die ou kleed nie, die nuwe wyn mag nie in 'n ou

wynsak gegooi word nie. Die nuwe is dit wat God teweegbring. 'n Bekeerde mens is 'n nuwe mens, wat voortdurend nuut word. Dit maak bekering in die eerste plek 'n pynlike proses, daar is skeiding, daar is 'n voortdurende doodgaan. So verwys ons belydenis daarna as daar gepraat word van die **afsterwe van die ou mens.**

***

Die eerste deel van ware bekering is om die ou mens af te sterf. Belangrik dat u ook sal sien hier word van ware bekering gepraat, want daar bestaan ook bekering wat nie waarlik opreg is nie. Bekering wat nie waar is nie, is vals. Valse bekering kom van vroeg reeds aan. Vals is die bekering as dit maar net gaan om 'n goeie voorbeeld tot deugsaamheid te wees. Die alkoholis wat die drank net vir 'n tyd laat staan, 'n mens met huweliksprobleme wat net ter wille van oënskynlike vrede die strydbyle vir 'n paar weke begrawe en dit dan maar weer ophaal. Hierdie bekering wat maar net bestaan in 'n gedragsverandering, maar wat nog nie 'n ware terugkeer na God is nie, is geen ware bekering nie.

'n Ander vorm van valse bekering word genoem tydelike bekering. Die gelykenis van die saad wat op rotsagtige plekke geval het en ook die saad wat tussen die dorings geval het, is die voorbeelde wat Jesus vir ons voorhou om die valsheid van tydelike bekering te begryp. Ons het ook nou 'n ander voorbeeld van tydelike bekering gelees. Die vrou in Mattheus 12 wat haar huis uitvee en selfs versier as die onreine gees daaruit gegaan het, maar haar probleem is daar is geen plaasvervanger in die huis wat nou netjies en skoon is nie. En wat gebeur, die onreine gees keer terug met nog sewe ander geeste slegter as hyself en *hulle kom in en woon daar.* Toe die huis skoon en netjies gemaak is, m.a.w. toe daar oënskynlik bekering plaasgevind het, toe moes die huis nie-leeg gelaat word nie. God deur sy Heilige Gees moes sy intrek daar geneem het. Omdat dit nie gebeur het nie, weet ons die bekering is vals en is ook van tydelike aard.

Ook Saul en die dissipel van Jesus, Judas Iskariot gee vir ons duidelike voorbeelde van tydelike bekering. Saul waarvan ons in die begin van sy roeping lees dat die Heilige Gees oor hom vaardig geword het en hyself ook geprofeteer het, se einde was nie so goed soos sy begin nie. Judas wat die beurs draer was, Judas wat self mag oor die onreine geeste gehad het (Mark 6:7), sy einde sê vir ons dat sy begin ook maar net tydelik was. Die voorbeeld van Demas wat aanvanklik met Paulus saamgewerk het, gee nog 'n bewys van tydelike bekering. Later sê Paulus in 2 Timotheus 4:10 dat *Demas die teenwoordige wêreld liefgekry het…..*U

kom seker agter tydelike bekering moet ons duidelik van ware bekering onderskei. Tydelike bekering is nog nie die waaragtige afsterf van die ou mens nie.

Nog ’n voorbeeld van valse bekering word genoem volk bekering. Dit is die bekering waarin ’n hele volk, of dan nou ’n hele groep van mense op uitwendige wyse hulle tot die Here inkeer, hulle skeur hulle klere maar nie hulle harte nie. Joël 2:13 gee vir ons hiervan ’n voorbeeld. Ware bekering is nie net die klere wat geskeur moet word nie, maar die hart wat geskeur moet word. Hoe pynlik, dit kom neer op ’n afsterwe, ’n doodgaan van my eie-ek.

***

In die Griekse taal is daar eintlik twee woorde wat vir ware bekering gebruik word nl. – “metanoia” en “epistrofe”. *Metanoia* beteken ’n verandering van hart, van sinne. Die besinning gaan gepaard met ’n gevoel van berou. Ten diepste bly dit ’n saak van die hart, soos wat die Spreuke digter ook sê, die hart is tog die plek waar die uitgange van die lewe lê. Die ander woord vir bekering – *epistrofe*, is die uitkom, die doen, van dit wat met die hart gebeur het. Hart en verstand kom in die hande. Daar is ’n toenadering tot God met ’n nuwe lewenswandel in gemeenskap met God. Opvallend dat in Handelinge 3:19 albei die woorde vir bekering, *metanoia* en *epistrofe* in een sin gebruik word. *Kom dan tot inkeer en bekeer julle……*

***

Dan kom ’n mens agter om van bekering te praat is nie so ’n eenvoudige saak nie.
’n Afsterwe van die ou mens; die ou mens is dalk selfs ’n wedergebore mens, maar dan is daardie oudheid nog steeds in die mens teenwoordig. Die oudheid wat ’n aangebore verdorwenheid is om God en ons naaste te haat. In ons belydenis is dit dan baie duidelik die ou mens kan nie nuutgemaak of verbeter word nie. Daar is maar net een ding wat met die ou mens in my gedoen moet word. Hy moet doodgemaak, gekruisig, begrawe word. In Kolossense 3 wat telke male bekering vir ons beskryf en ook ’n opdrag is, hoor ons in vers 5 daar moet iets in my doodgemaak word– *Maak dood julle lede wat op die aarde is,…..*Dit is die harde eis van bekering.

Boonop is die afsterf, die doodmaak van die ou mens in my, iets wat elke dag, altyd, weer en weer moet plaasvind. En dan is daar in die afsterf drie sake wat teenwoordig moet wees. Eerste is daar in ons belydenis sprake van ’n ware SONDEBEROU. Berou wat meer is as net blote spyt, maar dit is ’n skeur van die hart, soos Dawid nadat hy met Batseba gesondig het, het in Psalm 51 sy berou uitgekerm – vers 6: *Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat*

*verkeerd is in u oë…..*Na die sondeberou is daar ook sprake van SONDEHAAT. Wat die Here vir ons sê – daar moet meer haat in ons lewe wees, meer haat teenoor die sonde in ons lewe tot openbaring kom. Psalm 139:21,22 – *HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie?* Dan sê Dawid – *Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my……*

Na die sondeberou en die sondehaat beteken die afsterf van die ou mens ook 'n SONDE ONTVLUGTING. Ons mense het baie keer die idee dat net 'n lafaard vlug, maar dit is nie waar nie. Josef wat van Potifar wegvlug, het dit beslis nie gedoen omdat hy 'n lafaard was nie, maar Josef se vlug is 'n daad van bekering. Ons moet onthou die duiwel is ons doodsvyand wat 'n mense vervolger en 'n mense moordenaar is. Ons moet kan vlug, wegkom van die duiwel af. Paulus sê ook later aan die jonkman Timotheus in 2 Timotheus 2:22 – *Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid …..*Vlug is in geloof nie lafhartig nie, maar dit maak God my toevlug – Psalm 90:1 – *U is vir my 'n toevlug van geslag tot geslag.* God kan eers 'n toevlug wees as die mens wel kan vlug. Sondeberou, sondehaat, sonde-ontvlugting is dit wat ons moet doen om die ou mens in ons dood te maak.

Dan vind daar terselfdertyd iets wonderlik in die mens plaas. Die pyn, dié doodmaak gaan tegelykertyd met vreugde en met opstaan gepaard. Bekering is ook die opstaan van die nuwe mens. Soos ons dit bely – ***Die opstanding van die nuwe mens is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.***

As die doodgaan van die ou mens in my plaasvind, dan vind die opstaan van die nuwe mens tegelykertyd in my plaas. Die harde eis van elke dag die ou mens in u doodmaak, gee dan tegelyk die hartlike vreugde dat daar elke dag 'n nuwe mens in ons opstaan. 'n Lewe van daaglikse bekering wat deur die wedergeboorte gevoed word, is dan óók elke dag 'n blydskap in die Here. U kan die Filippense brief gaan lees en sien hoeveel keer is daar van blydskap sprake. Die Filippense – brief dra in sy geheel 'n blydskap-motief. Elke keer die oproep, *VERBLY U, VERBLY U IN DIE HERE.* Hierdie hartlike vreugde is nie 'n oppervlakkige "hoera-stemming" nie, maar dit is 'n vreugde van hart wat met die Heilige Gees te doen het.

Hierdie vreugde is 'n vrug van die Heilige Gees. So lees ons in Galasiërs 5:22 – *Maar die vrug van die Gees is liefde, BLYDSKAP ens.* Die mense wat dan ook deur die wedergeboorte wat God gewerk het elke dag in hulle lewe tot bekering kom, ken hierdie vreugde. Die

hofdienaar van Etiopië huppel van die vreugde, die tronkbewaarder van Filippi kon homself nie van ’n omhelsing weerhou toe die vreugde van God deel van sy lewe geword het nie.

In bekering is daar soveel rede tot blydskap, want sien ons uit ons belydenis daar is ’n lus en ’n liefde vir God en ’n verlange om God se wil te doen. Na die duisternis in my lewe kom daar lig.

Die Latynse taal het ’n spreuk daarvoor. Post tenebras lux – NA DUISTERNIS – LIG! As daar ’n lus en ’n liefde vir God se wil is, dan is daar by elkeen ’n lus en ’n liefde vir goeie werke. As die son van God se genade elke dag opkom, dan kan u maar die sonneblomme dophou. n Sonneblom draai altyd sy blom na die son toe. ’n Sonneblom se goeie werk is dit wil die son voel skyn, sy blom moet deel kry daaraan. ‘n Bekeerde mens se lewe is ‘n gedurige draai na God toe. Die mens se sondige wil kry dan ’n lus en ’n liefde vir God se altyd goeie wil. Psalm 40:9 sing ook daarvan – *Ek het lus, om my God, om U welbehae te doen en U Wet is binne-in my ingewande.* En dan in die volgende vers – *Ek het ’n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. HERE, U weet dit!*

***

Goeie werke waarna ons in Sondag 32 gekyk het, kom weer ter sprake. Goeie werke is die vrug van bekering. Die OORSPRONG van die goeie werke is uit ’n ware geloof. Die MAATSTAF van die goeie werke is en bly die Wet van God. Die Wet waarop bekering gerig moet wees, is waaraan goeie werke gemeet word. Die vrugte van die Heilige Gees wat ons in Galasiërs 5:22 reeds na verwys het, is ’n uiteensetting van die goeie werke wat in ’n bekeerde mens, ’n mens wat hom/haar daagliks bekeer se lewe moet bestaan.

’n Onbekeerde mens wat goeie werke doen, is soos ’n afgeplukte blom in ’n waterpot. Die mooi van die goeie werke kan dalk nog vir ’n ruk bestaan, maar as bekering tot en in God nie daar is nie, dan sal die blomblare ten spyte van die goeie werke beslis later verwelk en afval. Bekering is nie net ’n vroomheid nie, maar dit is ’n lewe in en uit en deur en tot God.

***

En op die einde, as ons na die laaste deel van ons belydenis kyk om die DOEL van goeie werke te begryp, dan sien ons, God bekeer ons, dat ons Hom sal eer. Die doel agter alles bly die EER VAN GOD. In die proses van daaglikse bekering, moet ons, onsself voortdurend vra – HOE KRY GOD SY EER! Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. In Jeremia

31 vra die volk dan vir die Here, *Bekeer my (HERE), dan sal ek my bekeer.* Bekering sonder God is onmoontlik. Hy wat deel het in die bekering handel nie volgens **eie goeddunke nie,** die eie-ek mag nie bestaan nie, **die oorgelewerde gebruike van mense** is formalisties as dit ons bekering wil bepaal. Breek met die formalisme, breek met die eie-ek, breek met die wêreld, die sondige wêreldpolitiek wat God na die kroon wil steek, die wêreld wat in pesdamp swanger lê om aan die sonde geboorte te skenk. U geboorte is mos nie uit die wêreld nie, maar uit God. Dan luister ons wat 1 Korintiërs 10:31 vir ons sê – *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God…..*

AMEN